

Efesiërs 5:8-14
8ste Sond. na Trinitates, 17 Julie 2016

U woord is 'n lig vir my voet en 'n lamp op die weg.

Vroër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig. Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is. Vra voort wat goed en reg en waar is. Vra julle voortduurend af of iets vir die Here aanneemlik is, en moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak. Dit is 'n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen. Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die lig daarop val. En as iets bekend geword het, is dit in die lig. Daarom sê die lied: "Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig."



Liewe gemeente,

jy weet wanneer iemand uit die Kaap (boland) afkomstig is, as hulle so lekker "brrrei". Ek weet dat ek in die Kaap is wanneer iemand op pad staaadig maar seker van die sypaaitjie voor my indraai in die hoofstraat - dis hulle gewoonte en ons vat dit soos dit kom. En hulle weet dat ek uit Valie-land kom as hulle my "GP"nommerplaat sien - "ag", sal hulle dink", weer iemand wat nog nie berge gesien het nie." Hoe sê nou die dag iemand vir my: nou weet hy waarom hulle Kaapstad *die moederstad* noem ... omdat alles 9 maande lank vat om afgelewer te word. Capies het hulle gewoontes, taalaksent en uitdrukkings, hulle manier van feesviering en gedrag. Dit is *kultuur*.

Die definisie van kultuur in die HAT is "Die ganse geestelike besitting van 'n volk of groep op elke lewensterrein; die geesteslewe; die beskawingstoestand van 'n groep." Kultuur kan in mense se skrywes, gelowe, musiek, kleredrag, eetgewoontes en wat hulle doen waargeneem word. Eintlik het kultuur baie betekenis. Kultuur kan 'n manier van lewe vir iemand wees, of dit kan 'n persoon se agtergrond wees, of dit kan net baie verskillende nasionaliteite uitbeeld wat saam kom as 'n gemeenskap. Soms kan dit die artistieke of intellektuele lewe van 'n gemeenskap uitbeeld. (<https://af.wikipedia.org/wiki/Kultuur>)

In my poging om Afrikaner-kultuur te leer ken, merk ek op na gewoontes, taal, simbole, geskiedenis en toekomsverwagting. Elke groep het sy kultuur - 'n rugby-klub het sy eie tradisies, in politieke kringe heers daar 'n spesifieke atmosfeer, journaliste volg 'n sekere kultuur. En hier in ons kerkgemeenskap wil ons mos poog om 'n geestelike tuiste aan te bied vir veral 'n spesifieke groep mense. Nee, ons wil nie eksklusief wees nie. Taal en kultuur is slegs hulpmiddele om die Evangelie oor te dra. Ons kan die Evangelie ook in Engels of in die oorspronklike Griekse taal hoor en verkondig, maar ons respekteer die kulture en ons is aanpasbaar - soos Paulus by geleentheid gesê het: ek kan vir almal alles wees sodat ek enkels kan wen: vir die Grieke is ek 'n Griek, en vir die Jode is ek 'n Jood. En ons sê vir die Afrikaners is ons Afrikaners. En as die situasie dit vereis dan kan ons by die Tswanas of Zulus aanpas.

I

In al hierdie reënboog van kulture is daar egter een kultuur wat dwarsdeur alle kulture gaan. Daar is een kultuur wat universiële karaktertrekke opwys, en sy oorsprong is "out of this world". Daar bestaan gewoontes, tradisies en geloof wat nie van mense afhanklik is nie maar in alle mense kan manifesteer. Dit maak nie saak uit watter volk, taal of ras jy gebore is nie - hierdie kultuur verbind oorhoofs almal en alles. Dit is **die kultuur van die kruis**, die kultuur van die Gekruisigde, dit is Christus wat hierdie kultuur geleef het en wat deur die krag van die Heilige Gees in almal manifesteer wat met Christus verbonde is. Daarom noem ons ook almal wat met Christus verbonde is, CHRISTENE.

Waarop Paulus nou in sy brief aandring is: hierdie kultuur is anders as die eienskappe van alle ander kulture. En wat saakmaak, beklemtoon Paulus, is dat hierdie onderskeid moet uitwys. Ons behoort hierdie kulturele eienskappe uit te leef ! - nie om te spog dat ons inderdaad anders is as die res nie, maar om 'n positiewe verskil te maak in hierdie wêreld. Negatief gestel: Dit is nie moontlik om met die Gekruisigde verbonde te wees, en om nie anders te wees nie. Ons is anders! En daarom tree ons anders op as ander mense wat Christus nog nie ken nie.

Hier ontstaan die eerste vraag: **wat se verskil maak die Gekruisigde in jou lewe?** Positief gestel: Soos jou lewe getransformeer word (elke dag totdat jy huis toe geroep word), sal jy ook 'n positiewe, opbouende, lewe-gewende invloed in jou omgewing uitoefen. Die werklikheid van die persoon Jesus Christus is die verskil! En die verskil behoort so duidelik te wees soos dag en nag. Hierdie woorde gebruik Paulus wanneer hy sê: **lewe as kinders van die lig!**

Einlik het hy reeds in die vorige hoofstuk opgeroep: moenie weer soos die heidene lewe nie - klink vir my soos 'n alternatiewe kultuur, is dit nie? Lê af die ou natuur en trek aan die nuwe mens; imiteer God in alles wat julle doen - dit klink na nuwe gewoontes, tradisies en gebruike, is dit nie?

Vroër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Let op die formulering: Julle was duisternis! Nie net: julle het werke van die duisternis gedoen nie, maar julle het die duisternis verpersoonlik: jy was die duisternis. Daarteenoor, nadat julle deur Christus uit die duisternis geroep is, deur die doop geheilig en deur die bloed van Christus gereinig is, geld die woord van Jesus: Julle is die lig! En nou die oproep: *Leef dan as mense van die lig.*

II

Hoe lyk dan die verskil van mense van die lig, teenoor mense van die duisternis?

Vir my klink dit soos: moenie soos die massa-mense leef nie, wees anders! Vir my beteken dit dat ons nie vra: wat is “in” nie, wat is die nuutste mode wat almal volg nie, wat is “modern” of wat doen almal nie, maar ons begin vra: wat wil God hê, hoe dink God; wat is God se resep vir sukses vir die lewe?!

En hierdie nuwe hartsingesteldheid lei daartoe dat Christene se lewensstyl by sekere plekke so verskil soos dag en nag. **Ons Christene is geroep om anders te wees.**

Vanselfsprekend kan hierdie andersheid nie ingebed wees in 'n hoogmoedige houding van *ek is beter as julle* nie. Hoogmoed kom voor die val. Nee, die houding wat Christene hulself in oefen, is ene van diensbaarheid, van dankbaarheid, van vreugde en afhanklikheid van die Here - en daarom ootmoedigheid en die kernwoord wat Paulus elders uitlig, is LIEFDE.

Die rede waarom Paulus herhaaldelik daarop hammer, is dat hy weet hoe maklik dit vir Christene is om weer aan te pas by wêreldse kulture. Paulus self het van hoogmoed gewee. In sy 2de brief aan die Korintiërs, byvoorbeeld, het hy na sy eie “paal in die vlees” (siekte, gebrek - ons weet nie presies wat dit was nie): dit is vir my gegee sodat ek myself nie verhef nie, maar nederig bly. Enige Christen sal daarvan getuig dat teenspoed onaangenaam is, maar by diepere nadenke, kan dit duidelik word: God gee vir my soms beperkinge sodat ek myself nie op my eie krag roem nie maar telkens myself van God afhanklik maak. So volg Paulus dan ook: ek wil myself op my swakhede roem omdat ek weet: GóD se krag kom juis tot uiting wanneer ek swak is.

Té maklik is ook Christene geneig om aan te pas, om te assimileer. “Almal doen dit mos” ... by die werk: almal teken meer werksure op as wat hulle werklik gewerk het. By die invul van belastingvorme: almal probeer mos te kul, nie waar nie? Nee, Christene poog om eerlik te bly (hulle hoef nie meer aan die staat te gee as wat nodig is nie, maar die grens tussen leun en waarheid is baie grys, is dit nie?)

Die kultuur wat Christene volg is soos Paulus in Gal 5:22 beskryf: **Die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.** Hierdie lys is vanselfsprekend nie volledig nie maar genoeg om herhaaldelik oor na te dink.

Kan ons sien, waar kom die verskil in tussen die kultuur van die wêreld en die kultuur van Christene?

Soms is daar praktyke in die wêreld waarvan ons heeltemal moet afsien. Byvoorbeeld in Efesië was daar die beroemde (berugde) liefdestempel van die godin Aphrodite; veral mans was nogal geneig om hulde aan haar te bring want tempelprostitusie was aan die orde van die dag. “Almal doen dit mos” - so waarom nie

ook Christene nie? Nee, bly weg daarvan! Benewens ander gode aanbid, leer Christene dat liefde heeltemal iets anders beteken as wat die wêreld dit definiëer. Vandag sal ons die praktyke dalk vergelyk met die gewilde “eastern massage”, oosterse masering, wat, soos hulle sê, dikwels afgerond word met ’n “happy ending”. Die oproep sal duidelik wees vir Christene: bly weg van sulke plekke want om jou liggaam aan sulke praktyke uit te lewer, is nie net sonde teen jou eie liggaam nie, maar ook verraad teen die huwelik en die Christelike gemeente.

Beteken dit dat Christene nooit masering mag ontvang nie? Natuurlik nie, maar in onweloweglike hantering van die liggaam sal duidelik word, wanneer jy jou waardes en norms handhaaf...

En so kan ons baie ander voorbeelde noem. Christus gee vir ons ’n nuwe gebod: *dat julle mekaar moet liefhê. Die manier hoe julle mekaar liefhet, sal die getuigenis gee dat julle MY dissipels is.*

Die omgee en liefde vir mekaar is dus deel van die kultuur van Christene. Maak nie saak hoeveel lofliedere julle sing, hoeveel dogmaties korrekte lering gegee word nie - as daar nie liefde is nie, is ons soos ’n klingende metaal of ’n luidende simbaal ... die klank is gou weg en daar is eintlik niks nie. Die *liefde* is nie selfverhewend nie, hou nie boek van die kwaad nie, is vriendelik, verheug hom nie oor die kwaad nie, is geduldig, ens (1 Kor 13)

Vra voort wat goed en reg en waar is, skryf Paulus - omdat die Here self goed en regverdig is. Vra julle voortduurend af of iets vir die Here aanneemlik is.

Hierdie kultuur moet dus geoefen word, nie waar nie? En hoe oefen ons onself? Deur daaglikse stiltetyd, deur voortdurend in die skrif te lees en ons eie lewe aanhand van die Skrif te oefen. Ons oefen dit deur hier na die erediens toe te kom en saam met ander Christene in die Bybelstudie God se kultuur te ontgin.

Nog ’n voorbeeld het Paulus hier in vers 4 genoem: *Moenie gemeenheid beoefen nie, nie dwase of los praatjies volg nie, want dit pas nie by julle nie. Eerder danksegging pas by julle* (kultuur). Volg ons soms dwase of los praatjies? - facebook ... Beteken dit ons mag as Christene nie Facebook gebruik nie? Natuurlike nie, maar hoeveel tyd gaan verlore deur ander se geklets te volg en om sinnelose vermaak te kyk? Gebruik eerder ook die elektroniese media om mekaar te bou, te vermaan en te versterk.

III



As ek een vergelyking mag bring: Ek dink aan die kruis in die groot kerkgebou, die versierde lootglas, die koperspykers ens - dan sien jy ook die venstertjies in die kruis. Die gekleurde glas laat lig deurskyn. Ons sien nie die direkte lig wat agter die kruis skyn nie (geen mens kan in die ewigheid inkyk nie; wat ons sien is gekleur deur die woorde van die apostels en profete in die skrif) *maar ons sien die lig wat vanuit die ewigheid in tyd en ruimte inskyn - deur die kruis!* (Maw. die kruisgebeure laat alles in ’n ander lig verskyn)

Daar aan die kruis sien ons God se oneindige liefde vir ons mense; dáár sien ons hoe die Seun van die mens Homself vir jou en my doodgebloei het; daar sien ons die bevryding van die mag van sonde; daar sien ons dat die toorn van God bedaar het, dat die God van die hemel en aarde weer goedgesind is, sodat Hy vir ieder en elk die lewe wil gee en erfgename van die oneindige vredesryk sal wees; daar sien ons nie meer ’n dooie liggaam aan die houtkruis hang nie, maar glo en bely dat Hy opgestaan het uit die dode, *sodat*

soos Christus opgestaan het, ook ons in ’n nuwe lewe mag wandel; daar sien ons die begin van die ewige lewe. Waarlik hierdie insig werk bevrydend - die lig bevry tot ’n nuwe kultuur.

Afsluitend laat my toe om nog een keer na ons gemeente te verwys. Ons is besig om meer doelbewus gestalte aan ons Afrikaanse geloofsgemeenskap te gee. Ons wil 'n kultuur bevorder en vestig soos dit in die klein boekie uitgespel is: Kernwaardes van die kerk. Daar lees ons op die laaste bladsye: Dit is belangrik dat ons nie slegs bepaal "waarom" ons doen wat ons doen nie, maar ook "hoe" ons dit doen. Die "hoe" (soos by kernwaardes beskryf) is 'n saak van die hart en kan as volg saamgevat word:

- I. Ons vertrou alleen op die Woord van God.
- II. Ons verkondig getrou die Kruis van Christus.
- III. Ons deel die genade van God ywerig.
- IV. Ons verwelkom almal vreugdevol.
- V. Ons werk pligsgetrou om die gemeente toe te rus.
- VI. Ons bejeën die wêreld simpatiek.



Die beweging en motivering van ons gemeente is Christus, wat in hierdie kernwaardes geformuleer is (en waaroor ons nog baie sal gesels). Mag die Here ons sy Gees gee dat ons in sy kultuur kan wandel. Amen.

En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en gedagtes bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.